# GESKIEDENISBEVORDERING

## AKTIWITEIT 01: BEGRONDING

**SPESIFIEKE DOELWIT**
Om die kursusganger in te skakel by groot sowel as kleingroepe en die kursus te begrond.

**STANDAARDE**
a) Dat die kursusgangers mekaar leer ken.
b) Dat die kursusganger 'n duidelike beeld van die kursusdoelwitte kry en hoe dit die doelstellings van die Voortrekkers kan bevorder.
c) Dat die kursusganger deeglik onderlê sal wees in die wordingsgeskiedenis van die Afrikaner wat die grondslag vorm van Arikanerskap as een van die drie bene waarop die Voortrekkers staan.
d) Dat die kursusganger die rol van Christenskap in die geskiedenis van die Afrikaner en in die ontstaan en voortbestaan van die Afrikanergemeenskap in die breë sal kan identifiseer en verklaar
e) Dat die kursusganger toegerus sal wees met kennis en vaardighede om hom/haarself te kan verdedig teen kwaadwillige pogings om die geskiedenis van die Afrikanervolk te demoniseer.
f) Dat die kursusganger blootgestel word aan bruikbare literatuur asook ander hulpmiddels soos historiese films in verband met Afrikanergeskiedenis vir aanbieding van Voortrekkerwerk.
g) Dat die kursusganger kennis sal neem van die belangrikste historiese besienswaardighede en terreine wat met Afrikanergeskiedenis in verband staan en benut kan word vir die uitbou van volkstrots.

Tyd: 1 uur

## AKTIWITEIT 02: GEBEURE EN KRAGTE WAT DIE AFRIKANERGESKIEDENIS BEPAAL HET

**SPESIFIEKE DOELWIT**
Om aan die kursusganger ‘n breë raamwerk deur te gee ten einde hom/haar in staat te stel om die Afrikanergemeenskap se geskiedenis in sy totaliteit te verstaan en verklaar.

**STANDAARDE**
a) Dat die kursusganger die problematiek van geskiedenis as vak sal begryp.
b) Dat die kursusganger bewus sal wees van die kompleksiteit ivm die begrippe Afrikaner, Afrikanervolk en Afrikanergemeenskap.
c) Dat die kursusganger sal kennis neem van die verskeidenheid van faktore buite die beheer van Afrikaners wat die Afrikanergeskiedenis beïnvloed het.
d) Dat die kursusganger toegerus sal word met kennis oor hulpmiddels om hierdie geskiedenis in Voortrekkerverband aan jeuglede aan te bied.

Tyd: 1 uur

## AKTIWITEIT 03: VOLKSPLANTING

### SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger in te lig rondom die ontstaansjare van die Afrikanergemeenskap.

### STANDAARDE
a) Dat die kursusganger ingelig sal wees oor die vestiging van die Afrikaner se Europese asook ander voorouers in Suid-Afrika.
b) Dat die kursusganger 'n begrip sal hê van die uitdagings wat die direkte voorouers van die Afrikaners in die vroeë jare in die omgewing van Tafelbaai te bowe moes kom.
c) Dat die kursusganger toegerus sal word met kennis oor hulpmiddels om hierdie geskiedenis in Voortrekkerverband aan jeuglede aan te bied asook oor die vernaamste besienswaardighede oor hierdie tydperk in die wordingsgeskiedenis van die Afrikaner.

Tyd: 1 uur

## AKTIWITEIT 04: DIE AFRIKANERS IN DIE 18DE EEU EN DIE KOMS VAN DIE BRITTE

### SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger in te lig oor die geskiedenis van die Afrikanergemeenskap in die 18de eeu asook oor die impak van die koms van die Britte na die Kaap in die eerste drie dekades van die 19de eeu.

### STANDAARDE
a) Dat die kursusganger ingelig sal wees oor die kompleksiteit van die Afrikaner-geskiedenis in die tydperk ter sprake.
b) Dat die kursusganger sal begryp hoe die Afrikanergemeenskap in al sy geledinge in hierdie tydperk gevorm is deur die wyse waarop die Afrikaners op 'n verskeidenheid uitdagings antwoorde moes bied.
c) Dat die kursusgangers sal begryp hoe sekere volkskaraktertrekke en unieke opvattinge wat eie aan die Afrikanergemeenskap is, in hierdie tydperk hulle oorsprong gehad het.
d) Dat die kursusganger toegerus sal word met kennis oor hulpmiddels om hierdie geskiedenis in Voortrekkerverband aan jeuglede oor te dra asook oor die vernaamste besienswaardighede oor hierdie tydperk in die wordingsgeskiedenis van die Afrikaner.

Tyd: 1 uur 30 min

## AKTIWITEIT 05: GROOT TREK

### SPESIFIEKE DOELWIT
Om die kursusganger oor die aard, omvang en betekenis van die Groot Trek in die geskiedenis van die Afrikanervolk in te lig.

### STANDAARDE
a) Dat die kursusganger sal begryp wat die omstandighede was waaronder die Groot Trek plaasgevind het; waarom dit plaasgevind het; waarom net 'n minderheid van die destydse Afrikaners daaraan deelgeneem het; watter ontberings die Voortrekkers moes deurmaak voordat hulle uiteindelik sukses behaal het en waarom die Groot Trek so 'n bepalende sleutelgebeurtenis in die wordingsgeskiedenis van die Afrikanervolk is.

b) Dat die kursusganger toegerus sal word met kennis oor hulpmiddels om hierdie geskiedenis in Voortrekkerverband aan jeuglede oor te dra asook oor die vernaamste besienswaardighede oor hierdie tydperk in die wordingsgeskiedenis van die Afrikaner.

Tyd: 2 uur

## AKTIWITEIT 06: AFRIKANERS IN DIE BOEREREPUBLIEKE EN BRITSE KOLONIES IN DIE TWEEDE HELFTE VAN DIE 19DE EEU

### SPESIFIEKE DOELWIT

Dat die kursusganger op hoogte sal wees van die lotgevalle van die Afrikanervolk in die tweede helfte van die 19de eeu.

### STANDAARDE

a) Dat die kursusganger sal begryp hoe die Afrikanergemeenskap in die tweede helfte van die 19de eeu in verskeie afgesonderde en soms selfs vyandiggesinde groepe voortbestaan het.
b) Dat die kursusganger oor kennis sal beskik oor hoe verskillende groeperinge in die Afrikanergemeenskap reageer het op uitdagings soos vyandige inheemse gemeenskappe, Britse imperialisme en vernuwing na die aanvang van die mynbourewolusie na die ontdekking van ryk diamant- en goudvelde in die Suid-Afrikaanse binneland.
c) Dat die kursusgangers op hoogte sal wees met die vernaamste kulturele ontwikkelinge in Afrikanergeledere in hierdie tydperk.
d) Dat die kursusganger sal begryp waarom daar teen die einde van die 19de eeu, ten spyte van verdeeldheid, 'n sterk gevoel van lotsverbondenheid in die Afrikanergemeenskap as geheel ontstaan het.
e) Dat die kursusganger toegerus sal word met kennis oor hulpmiddels om hierdie geskiedenis in Voortrekkerverband aan jeuglede oor te dra asook oor die vernaamste besienswaardighede oor hierdie tydperk in die wordingsgeskiedenis van die Afrikaner.

Tyd: 2 uur

## AKTIWITEIT 07: DIE AFRIKANER EN DIE ANGLO-BOEREOORLOG

### SPESIFIEKE DOELWIT

Om die kursusganger toe te lig oor die totaliteit van die Afrikanergemeenskap se betrokkenheid by die Anglo-Boereoorlog.

### STANDAARDE

a) Dat die kursusganger sal begryp waarom die Anglo-Boereoorlog uitgebreek het; waarom die Boere ten spyte van hulle heldhaftige optrede nie hulle onafhanklikheid kon handhaaf nie; wat die impak van die Britse oorlogvoeringwyse van verskroeide aarde en konsentrasiekampe op die Afrikanergemeenskap was; waarom sommige Afrikaners die Britte se kant in hierdie oorlog gevat het; waarom die Boere uiteindelik die vrede aanvaar het en waarom daar gesê word die Boere het die oorlog verloor maar die vrede gewen.
b) Dat die kursusganger die betekenis van die oorlog as 'n vormende krag in die Afrikanergeskiedenis sal deurgrond.
c) Dat die kursusganger toegerus sal word met kennis oor hulpmiddels om hierdie geskiedenis in Voortrekkerverband aan jeuglede oor te dra asook oor die vernaamste besienswaardighede oor hierdie tydperk in die wordingsgeskiedenis van die Afrikaner.

Tyd: 2 uur

## AKTIWITEIT 08: DIE AFRIKANER SE STRYD OM POLITIEKE MAG IN SUID-AFRIKA, 1910-1948

### SPESIFIEKE DOELWIT

Om die kursusganger bewus te maak van die belangrikste gebeure en omstandighede wat ter sprake was in die Afrikanergemeenskap se stryd om politieke mag in Suid-Afrika van 1910 tot 1948.

### STANDAARDE

a) Dat die kursusganger ingelig sal wees oor die vernaamste gebeure in die geskiedenis van die Afrikanergemeenskap in die jare 1910 tot 1948.
b) Dat die kursusganger die verdeeldheid in Afrikanergeledere oor die wese van vryheid en selfbeskikking sal begryp, asook hoe dit die politieke lotgevalle van die Afrikaner-gemeenskap in hierdie jare beïnvloed het.
c) Dat die kursusganger toegerus sal word met kennis oor hulpmiddels om hierdie geskiedenis in Voortrekkerverband aan jeuglede oor te dra asook oor die vernaamste besienswaardighede oor hierdie tydperk in die geskiedenis van die Afrikaner.

Tyd: 1 uur 30 min

## AKTIWITEIT 09: DIE AFRIKANER EN APARTHEID

### SPESIFIEKE DOELWIT

Dat die kursusganger sal begryp waarom die Afrikanergemeenskap in die jare van 1948 tot ongeveer 1978 feitlik eenparig die instelling van apartheid gesteun het, maar daarna in toe-nemende getalle die afskaffing daarvan goedgekeur het.

### STANDAARDE

a) Dat die kursusganger die wese van die apartheidsbeleid sal verstaan; asook die redes waarom dit ingestel is; die hoë statuur wat apartheidsleiers soos Verwoerd en Vorster in Afrikanergeledere geniet het; die impak van die grensoorlog, binnelandse opstande en van internasionale sanksies op die Afrikanergemeenskap; die verdeeldheid in Afrikanergeledere in die jare tagtig oor die volhoubaarheid van apartheid en die steun wat De Klerk uiteindelik in 1992 verkry het om tot die totale afskaffing daarvan oor te gaan.
b) Dat die kursusganger toegerus sal word met kennis oor hulpmiddels om hierdie geskiedenis in Voortrekkerverband aan jeuglede oor te dra asook oor die vernaamste besienswaardighede oor hierdie tydperk in die geskiedenis van die Afrikaner.

Tyd: 1 uur

## AKTIWITEIT 10: KULTURELE, INTELLEKTUELE EN WETENSKAPLIKE HOOGTE-PUNTE IN DIE AFRIKANERGESKIEDENIS

### SPESIFIEKE DOELWIT

Om die kursusganger op hoogte te bring met die verskeidenheid hoogtepunte op kulturele, intellektuele en wetenskaplike gebied in die verlede van die Afrikanergemeenskap.

**STANDAARD**

a) Dat die kursusganger op hoogte sal wees van die groot omvang en verskeidenheid van kulturele, intellektuele en wetenskaplike hoogtepunte in die geskiedenis van die Afrikanergemeenskap.
b) Dat die kursusganger onder die indruk sal wees hoe mededelings oor en bewustheid van hierdie hoogtepunte kan bydra tot die uitbreiding van Afrikaner-volkstrots.
c) Dat die kursusganger toegerus sal word met kennis oor hulpmiddels om die omvang van Afrikaner kulturele, intellektuele en wetenskaplike hoogtepunte in Voortrekker-verband aan jeuglede oor te dra asook oor die vernaamste besienswaardighede oor hierdie aspek van die geskiedenis van die Afrikaner.

Tyd: 1 uur 30 min

## AKTIWITEIT 11: AFRIKANER IN DIE "NUWE SUID-AFRIKA"

**SPESIFIEKE DOELWIT**

Om die kursusganger op hoogte te bring met die mees resente gebeure in die geskiedenis van die Afrikanergemeenskap asook met die uitdagings wat die uitbouing van Afrikaner-geskiedenis konfronteer.

**STANDAARD**

a) Dat die kursusganger ingelig sal wees van die geweldige uitdagings wat die veranderende omstandighede sedert 1994 aan die Afrikanergemeenskap gestel het en steeds stel.
b) Dat die kursusganger die impak van die politieke ontmagtiging van die blanke, maar terselfdertyd van die verdwyning van internasionale sanksies teen spesifiek die Afrikaner, op die wese van die Afrikanergemeenskap sal begryp.
c) Dat die kursusganger toegerus sal word met kennis oor hulpmiddels om hierdie jongste geskiedenis in Voortrekkerverband aan jeuglede oor te dra asook oor die vernaamste besienswaardighede oor hierdie tydperk in die geskiedenis van die Afrikaner.

Tyd: 1 uur

## AKTIWITEIT 12: EVALUERING

**SPESIFIEKE DOELWIT**

Om die kursusganger geleentheid te gee om die kursus te evalueer.

**STANDAARDE**

a) Dat die kursusganger die kursus op die gegewe vorms evalueer.
b) Dat die kursusganger erkenning ontvang deurdat 'n bywoningsertifikaat aan hom/haar oorhandig word.
b) Dat die kursus op 'n gepaste wyse afgesluit word.

Tyd: 30 min